



Sessie 5:
Die berg en die wyn



Die berg en die wyn

Vooraf

Lees vooraf hoofstuk 29-35 van *Leef stroom-op!*

Daar is altyd iets om voor dankbaar te wees. Soos William Barclay dit pragtig gestel het: “We must remember that if we face the sun the shadows fall behind us, but if we turn our backs on the sun all the shadows will be in front.”

Staan elke oomblik in die lig én laat sy lig jou oorspoel en beleef só dat Maleagi 4:2 se belofte vir jou waar word: “Vir julle wat eerbied het vir my Naam, sal die son van redding skyn met genesing in sy strale. Julle sal vry word en bokspring soos vetgemaakte kalwers.”

Dankbaarheid maak jou vry en laat jou bokspring.

(uit *Leef stroom-op!* hoofstuk 30)

Opening

Doen 'n gebed saam en gee daarna vir groepslede die geleentheid om een ding te deel wat vir hulle uitgestaan het toe hulle hoofstuk 29-35 van *Leef stroom-op!* gelees het.

Video-“clips”

Kyk saam na die gratis aflaaibare video-“clip” **Die berg en die wyn**. Neem notas oor enigiets wat vir jou uitstaan in die “clip”. (As julle tyd het, kan julle dit twee keer kyk.)

Bespreking

1. Deel met mekaar wat vir jou in die “clip” uitgestaan het.

2. Die beeld van die see en Tafelberg is maar een beeld om ons ietsie te laat verstaan van die veranderlikheid van die lewe en onveranderlikheid van God. Waarmee het die beeld jou gehelp? Is daar ander beelde wat iets soortgelyks op die tafel plaas? Deel met mekaar dit wat by jou opkom.

3. Bespreek die volgende vyf dinge uit die “clip” en watter implikasies dit op jou denke en lewe kan hê.

Daar is vyf dinge wat ons nie kan verander nie. Dis feite. Hier is hulle:

1. *Dinge verander en eindig.*
2. *Dinge gaan nie altyd volgens plan nie.*
3. *Die lewe is nie altyd regverdig nie.*
4. *Pyn is deel van die lewe.*
5. *Mense is nie die hele tyd liefdevol en lojaal nie.*

4. Bespreek die volgende boodskap uit die “clip”: Jesus kan al vyf hierdie onveranderlike goed verander of ten minste ons houding daaroor. Daar kan sy eerste wonder ons help.

Sy eerste wonder het Jesus ’n gasheer van ’n groot verleentheid gered – Hy het water in wyn verander. Dit is vandag nog die opskrif van die storie van ons lewe: **Wie het my water in wyn verander?**

5. Die lewe gaan jou verras en jy gaan gedurig verwonderd vra: “Wie het my water in wyn verander?”

Hoekom maak die antwoord op die vraag jou ’n **stroom-op** persoon of nie? Verduidelik jou antwoord.

Groepsontdekking

1. **Stroom-op** persone is mense wat nuut lewe omdat hulle deur God in Jesus deur die Gees getransformeer is. Lees en bespreek Romeine 12:1-2.

So here's what I want you to do, God helping you: Take your everyday, ordinary life – your sleeping, eating, going-to-work, and walking-around life – and place it before God as an offering. Embracing what God does for you is the best thing you can do for him. Don't become so well-adjusted to your culture that you fit into it without even thinking. Instead, fix your attention on God. You'll be changed from the inside out. Readily recognize what he wants from you, and quickly respond to it. Unlike the culture around you, always dragging you down to its level of immaturity, God brings the best out of you, develops well-formed maturity in you.

~ Romeine 12:1-2, *The Message*

2. **Stroom-op** persone behoort die gemeenskap waar hulle betrokke is in positiewe, hoopvolle en liefdevolle plekke te verander. Kyk na die volgende “clips” wat op YouTube beskikbaar is en om juis die impak van **stroom-op** aksies te sien.

High Five Escalator of <http://youtube/Abt8aAB-Dr0>

Piano stairs - TheFunTheory.com of <http://youtube/2lXh2n0aPyw>

Wat het julle hieruit geleer? Watter soort klein dinge kan

Jesusvolgelingen as **stroom-op** mense doen om mense in hulle omgewing positief en vol hoop te maak?

3. **Stroom-op** persone eet gereeld hulle “wasabi”. Hoe het die “wasabi”-beeld in hoofstuk 34 van *Leef stroom-op!* jou ’n nuwe verstaan van die Bybel gegee?

Eet jou “wasabi”, vra jou altyd af wat die Gees deur ’n spesifieke Bybelgedeelte vir jou wil sê. Eintlik is die hele boek soos “wasabi” om te eet. Dit gaan jou skud, maar die geskud is tot jou voordeel. Eet altyd die “wasabi”, voel die lawa, maar voel ook die verskil in jou en jy sal nie anders kan as om **stroom-op** te lewe nie.

(uit *Leef stroom-op!* hoofstuk 34)

Lees en bespreek ook Hebreërs 4:12 soos dit in *The Message* vervat is: “God means what he says. What he says goes. His powerful Word is sharp as a surgeon’s scalpel, cutting through everything, whether doubt or defence, laying us open to listen and obey.”

4. **Stroom-op** mense se leefstyl bevat vyf dinge wat hulle wel deur die werking van die Gees verander:

1. Hoe ons dink. (Filippense 4:8)
2. Hoe ons na die wêreld en mense kyk – deur die beeld van God in mense raak te sien. (Filippense 4:5)
3. Om altyd bly te wees! (Filippense 4:4; 1 Tessalonisense 5:16)
4. Om gedurig in kontak met God te wees. (1 Tessalonisense 5:17)
5. Om dankbaar te wees in alle omstandighede. (1 Tessalonisense 5:18)

Bespreek elkeen afsonderlik deur te vra: Hoe lyk 'n **stroom-op** persoon wat dit doen en watter effek dink julle sal so iemand op die samelewing hê?

5. Hoe help die “hupogrammon”-beeld in hoofstuk 37 van *Leef stroom-op!* jou om die vyf dinge in vraag 4 te verander?

6. Bespreek Roald Dahl se **stroom-op** woorde: “Good thoughts they will shine out of your face like sunbeams and you will always look lovely.”

Afsluiting

Sluit af met gebed en herinner mekaar om hoofstuk 36-40 van *Leef stroom-op!* te lees. Julle kan besluit om volgende week bymekaar te kom en 'n **stroom-op** feesviering te hou. By so 'n feesviering kan julle die hoogtepunte van julle 40 dae-reis met mekaar deel. Julle kan ook saam die verbintenis op bladsy 106 van *Leef stroom-op!* doen en 'n **stroom-op** aksie as groep beplan wat julle gemeenskap positief kan beïnvloed.

Mag jy as **stroom-op** persoon met jou 4:8-bril altyd die volgende beleef:

*“Blessed are they who see beautiful things
in humble places where other people see nothing.”*

~ Camille Pissarro ~